kruiskerk.co.za

info@kruiskerk.co.za

wynandgnel@outlook.com

*Steek êrens in jou woonplek 'n kers aan terwyl jy lees.*

**Tema:** Om met ontsag te luister

**Skriflesing:** Lukas 4:16-30 en Nehemia 8:1-10

## Broodjies vir die pad

“I like to listen. I have learned a great deal from listening carefully. Most people never listen.”
— Ernest Hemingway

“There's a lot of difference between listening and hearing.”
— G. K. Chesterton

“We’ve all had saints in our lives, by which I mean not plaster saints, not moral exemplars, not people setting for us a kind of suffocating good example, but I mean saints in the sense of life givers. People through knowing whom we become more alive.”
— Frederick Buechner, The Remarkable Ordinary: How to Stop, Look, and Listen to Life

“We pass through the present with our eyes blindfolded. We are permitted merely to sense and guess at what we are actually experiencing. Only later when the cloth is untied can we glance at the past and find out what we have experienced and what meaning it has.”
— Milan Kundera, Laughable Loves

“It seems to me almost before the Bible says anything else, it is saying that—how important it is to be alive and to pay attention to being alive, pay attention to each other, pay attention to God as he moves and as he speaks. Pay attention to where life or God has tried to take you.”
— Frederick Buechner, The Remarkable Ordinary: How to Stop, Look, and Listen to Life

“Christianity preaches the infinite worth of that which is seemingly worthless and the infinite worthlessness of that which is seemingly so valued.”
— Dietrich Bonhoeffer

“So we are told to love. We are told to listen. We are told to look. But a lot of the time we don’t because we choose damn well not to, and because only a saint could do it all the time, I think. You have to choose who to listen to because if you listen to everybody and you look at everybody—seeing every face the way Rembrandt saw that woman’s face—how could you make it down half a city block? You couldn’t. If you listened to what everybody says to you, how could you survive a day? But we can do more than we do—more than we do, surely we could do that.”
— Frederick Buechner, The Remarkable Ordinary: How to Stop, Look, and Listen to Life

“Imagine a poem written with such enormous three-dimensional words that we had to invent a smaller word to reference each of the big ones; that we had to rewrite the whole thing in shorthand, smashing it into two dimensions, just to talk about it. Or don’t imagine it. Look outside. Human language is our attempt at navigating God’s language; it is us running between the lines of His epic, climbing on the vowels and building houses out of the consonants.”
— N.D. Wilson, Notes From The Tilt-A-Whirl: Wide-Eyed Wonder in God's Spoken World

“Music, feelings of happiness, mythology, faces worn by time, certain twilights and certain places, want to tell us something, or they told us something that we should not have missed, or they are about to tell us something; this imminence of a revelation that is not produced is, perhaps, 'the aesthetic event'.”
— Jorge Luis Borges

“One great idea of the biblical revelation is that God is manifest in the ordinary, in the actual, in the daily, in the now, in the concrete incarnations of life, and not through purity codes and moral achievement contests, which are seldom achieved anyway… We do not think ourselves into new ways of living, we live ourselves into new ways of thinking… The most courageous thing we will ever do is to bear humbly the mystery of our own reality.”
— Richard Rohr

“Art does not reproduce what we see. It makes us see.”
— Paul Klee

“Not everything has a name. Some things lead us into a realm beyond words…By means of art were are sometimes sent - dimly, briefly - revelations unattainable by reason.”
— Alexander Solzhenitsyn

“Poetry speaks to you either at first sight or not at all. A flash of revelation and a flash of response.”
— J.M. Coetzee, Disgrace

“It’s not in the book or in the writer that readers discern the truth of what they read; they see it in themselves, if the light of truth has penetrated their minds.”
— Augustine of Hippo

“I am not asking for sensational revelations, but I would like to sense the meaning of that minute, to feel it's urgency...”
— Jean-Paul Sartre

## 'Nêrens, Noord-Kaap' se klankbaan aanlyn uitgereik

*Christiaan Boonzaier*

Aanhangers van Afrikaanse TV se hoogtepunt van die jaar (dalk selfs nog langer) kan die reeks nou opnuut deur ’n besonderse en meevoerende “klanklandskap” beleef.

Die klankbaan van die dramareeks *Nêrens, Noord-Kaap*, wat in November ná 13 episodes op kykNET ten einde geloop

het, is onlangs aanlyn deur die Pretoriase komponis Franco Prinsloo uitgereik.

Prinsloo het die reusetaak gehad om 38 snitte te skryf wat die Noord-Kaapse landskap in klank vasvang en die Adendorff-gesin se somber en smartvolle reis met rou in die reeks begelei.

“ ’n Tema wat baie in die musiek voorkom, is dié van die landskap waarin die storie afspeel: Die wye ooptes, die groot ruimtes, die dorre veld, die kokerbome en veral die groot rol wat water en reën speel,” sê Prinsloo.

“In hierdie oomblikke het die musiek ’n klanklandskap geword vir die uiterlike wêreld, ’n oopte waarin die storie kon afspeel.

“Hierteenoor is daar die uiters persoonlike temas van die innerlike wêreld wat op die klavier gespeel word, ’n intimiteit tussen die karakters en veral die rol wat Maggie (vertolk deur Ilse Klink) speel, maar ook die geweldige verdriet wat van die karakters ervaar. Baie van hierdie ‘intieme’ temas herinner aan ’n nostalgiese volksliedjie, maar met onvoorspelbare wendings, net soos die karakters.”

Prinsloo (34), ook dirigent van die Vox Chamber Choir en die Akademia-koor, het aanvanklik by die projek betrokke geraak danksy sy jarelange vriendskap met Johan Cronjé, die reeks se mederegisseur, met wie hy al sedert hul studentedae aan die Noordwes-Universiteit saamwerk. Benewens die klankbaan van ’n studenterolprent en ’n produksie by die Toyota US Woordfees, het Prinsloo die klankbane van Cronjé se rolprente *Wonderlus*, *Meisies wat fluit* en *The Day We Didn’t Meet* gekomponeer.

Cronjé het Prinsloo genader om by *Nêrens, Noord-Kaap* betrokke te raak en hom ook voorgestel aan Nico Scheepers, die reeks se skrywer-regisseur en skepper van die gelyknamige toneelstuk waarop die TV-verwerking gegrond is.

“Nico en Johan het vir my die draaiboek gestuur en nadat ek dit gelees het, het ons geweldig baie gesprekke gehad oor die storie self, die gevoel, die landskap en die karakters.”

Dít was ’n belangrike wegspringplek, sê hy.

“Wanneer iemand musiek komponeer vir ’n reeks of rolprent, is dit baie belangrik dat die musiek altyd die storie moet ondersteun. Musiek is ’n baie kragtige medium en kan maklik ’n toneel oorskadu of vir die gehoor voorsê; daarom is dit so belangrik om subtiel te wees en om altyd die storie in die musiek te eer.”

Met dié grondslag in plek het hy met die skryf van die musiek begin.

“Ek werk altyd met baie spesifieke leitmotiewe (hooftemas) wanneer ek musiek skryf wat die een of ander vorm van ’n storielyn bevat. Ek het spesifieke motiewe vir elke karakter gekomponeer, vir die landskappe, sommige emosies en veral sekere metafore in die storie – selfs van die instrumentasie word gekoppel aan sekere karakters of scenario’s.

“Daarna het ek elk van die 13 episodes met hierdie spesifieke motiewe in gedagte *gescore*. Dit is ’n wonderlike proses om ’n toneel soveel keer oor en oor te kyk sodat jy die perfekte oomblik in die musiek kan vasvang. Ek raak soms so in die storie verstrengel dat ek skoon emosioneel raak terwyl ek skryf.

“En daarna het ek die musiek genoteer en met ’n wonderlike ensemble opgeneem: strykkwintet, klavier, klarinet en kitaar.”

Ook Scheepers en Cronjé is in die skryfproses betrek.

“Sommige van die temas het ek vele male herskryf – klein veranderinge wat op die ou end ’n groot impak maak.

“Elke toneel is dan met ’n voorlopige opname na Nico en Johan gestuur, waarna ek dit dan weer met notas teruggekry het. In die begin was die proses nogal baie heen en weer, maar ná ’n paar weke het die klankbaan as’t ware sy eie stem begin ontwikkel en alles het baie natuurlik begin vloei.”

Musiekliefhebbers word genooi om nou dié stem eerstehands te beleef: Die klankbaan is in sy geheel op stromingsdienste soos Apple Music, Spotify en YouTube beskikbaar. Meer inligting is op Prinsloo se amptelike Facebook-blad beskikbaar.

https://www.netwerk24.com/netwerk24/kunste/musiek/luister-nerens-noord-kaap-se-klankbaan-aanlyn-uitgereik-20211230

## Brood vir die pad

### Om nuut te begin kenmerkend van Christen se geloof

*RRV*

Een van die sigbare tekens van die pandemie se impak is die toename in “To Let”-bordjies. En agter elkeen van hierdie tekens op sypaadjies en in winkelvensters lê daar waarskynlik ’n storie, heel moontlik een van teleurstelling en verlies. Vir sommige ander, wat sien dat ’n perseel te huur of te koop is, bied sulke tekens dalk weer ’n gevoel van opwinding oor die moontlikheid van ’n nuwe begin.

Die verwysing na die moontlikheid van ’n nuwe begin kan egter goedkoop en onsensitief klink as daar nie genoegsaam rekening gehou word met die gevoel van verlies wat met eindes saamhang nie. Ons moet dus die talle manier waarop eindes in ons en ander se lewens vorm aanneem eerlik benoem. En dit gaan dikwels gepaard met treur en trane.

Ondanks die pynlike werklikheid van eindes, bly dit ’n besondere vermoë van mense om telkens ’n nuwe begin te kan maak: ’n nuwe werksgeleentheid, ’n nuwe verhouding, ’n nuwe lewensingesteldheid.

Een van die merkwaardigste (en ingewikkeldste) tekste van die 20ste eeu is die Joodse denker Franz Rosenzweig se boek Der Stern der Erlösung (1921; in Engels vertaal as The Star of Redemption, en daar is ook ’n mooi Nederlandse vertaling onder die titel De Ster van de Verlossing). Rosenzweig, wat in ’n stadium oorweeg het om ’n Christen te word, maar tog Joods gebly het, skryf hierin onder meer met groot insig oor die Christendom en hoe dit met die Judaïsme saamhang en verskil. In ’n gedeelte oor die Christelike Sondag (wat hy die “fees van die skepping” noem) merk hy op dat dit betekenisvol is dat Christene die Sondag as die eerste dag van die week sien, as “die fees van die begin” dus. En vervolg hy: “Die Christen is die ewige beginner . . . alles is wel wat goed begin. Dit is die ewige jeug van die Christen.”

Hier in die eerste weke van die nuwe jaar kan ons naas moontlike ervarings van eindes en verlies ook nadink oor hierdie aksent op die ewige moontlikheid van nuwe beginne. Die Duitse teoloog Jürgen Moltmann, wat graag in sy werk by Rosenzweig aansluit, skryf langs dieselfde lyne: “Christian faith is faith in the resurrection, and the resurrection is literally just that: rising up again. It gives us the strength to get up, and the creative freedom to begin something once more in the midst of our ongoing history, something fresh . . . ‘Christians are the eternal beginners’, wrote Franz Rosenzweig. And that is the best thing that can be said of believers, lovers, and the hopeful.

https://www.netwerk24.com/netwerk24/stemme/sielsdinge/geestelike-waardes-om-nuut-te-begin-kenmerkend-van-christen-se-geloof-20220115

wynandgnel@outlook.com 082 901 5877